## SONDAGOGGEND 6 SEPTEMBER 2021

## Vader

Baie van julle vier vadersdag, soos ek, met die wete dat my vader, my pa, sit soos 'n kind aan die voete van my Hemelse Vader en bring aan Hom eer en heerlikheid en lof. Wat kom by jou op as jy die woord "vader" hoor?

Vader, pa, pappa, pappie, paps, dad, daddy, wat ook al jou aanspreekvorm vir jou pa is of was. As ek die woord vader hoor dink ek aan my pa, goeie, eerbare, liefdevolle man. Hardwerkend, goeie man vir sy vrou, tot op die einde. Vir ander dalk is die herinnering aan jou vader nie so positief nie, dalk het hy jou vir een of ander rede mishandel, of was hy net nie goed vir jou nie of was hy net afwesig of het jy hom nooit geken nie. Maak nie saak of jy goed of sleg van jou pa dink nie, Jesus maak vir ons 'n venster oop na ons hemelse Vader, wat net so amazing is. So ek bid dat jy, soos ek in die week, net met 'n oop gemoed sal luister en leer wie jou eintlike, ewige Vader is en hoe Hy oor jou voel

Ek sê maar net weer wat ek al voorheen gesê het, as Jesus na God verwys as Vader, was dit vir die Jode vreemd. Soos ek gesê het, God was en is hoog, vêraf, Iemand wie se naam jy nie mag noem nie. Dis godslastering om vir God as jou vader te beskryf. Jy durf nie as jy 'n Moslem is na Allah as vader verwys nie.

Maar Jesus, soos dwarsdeur Sy bediening, kom stel die dissipels, en ons en die res van die wêreld, voor aan Sy Vader. Nou in Johannes 17, Jesus se gebed net voordat Hy gekruisig is, verwys Hy ses keer na God as Vader, so kom ons sit soos my pa by God se voete in die hemel sit vandag, en leer vanoggend aan die voete van Jesus meer oor ons Vader.

**Johannes 17:1-2, 5, 10-11, 20-21 en 24-26**

*Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: "Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. 2 U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee*

*Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.*

*Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik. 11 Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.*

*Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het*

*Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het. 25 "Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. 26 Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."*

Êrens in my groot word tyd het iets groot skeef geloop. Die beeld wat ek van God die Vader gehad het was glad nie die Vader wat Jesus aan die wêreld kom voorstel het nie. Vir my was Hy die kwaai oubaas daar bo wat my dop hou. Ek was bang vir Hom, want as ek iets verkeerd doen gaan ek gestraf word. En vir baie jare dan as slegte goed met my gebeur het, het ek geglo dis die Vader wat my straf. Hoor julle die woordjie "die" in my sin. Hy was die Vader, nie my Vader nie. Ons sê tog nie as ons oor ons aardse pa iets vertel as "die pa," nie. Ons sê: *"my pa,"* of *"pa het gesê ons moet dit doen of dat."* So my verhouding met Vader was op 'n afstand. Ek het liewer met "liewe Jesus" gepraat, as met Vader.

Daarom soos ek al gesê het, het ek Hom net tevrede probeer hou, amper maar soos die ander godsdienste offers bring, het ek net probeer om in Sy goeie boekies te bly. Ek was bang om te bid, want sê nou maar net ek bid verkeerd. As daar swaar weer was en blitse het geslaan, was ek bang dis die einde van die wêreld en ek was nie seker of ek hemel toe sal gaan nie. Tot op 'n dag, toe ek ontdek het my beeld van die Vader is nie in lyn met die beeld wat die Bybel van die Vader skep nie. Daardie dag het dit verander, en is Hy nie meer "die Vader" nie, maar "my Vader" of sommer net "Vader," en nog meer intiem "Abba-Vader," – "Pappa-God."

Jesus kom stel ons aan Sy Vader, ons Vader voor en ek bid dat jy saam met my sal Vadersdag vier en ons hemelse Vader opnuut lief sal kry, meer as wat jy vir jou aardse vader ooit lief kan wees.

**Johannes 17:1-2**

*Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: "Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik. 2 U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee*

*om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee. Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.*

**Vader word verheerlik**

Ek het so paar weke terug gesê dat ons die woord wat hier vertaal word as verheerlik/Glorify, se betekenis is, **"glorious greatness."**

Daar is 'n baie nabye intieme verhouding tussen Vader en Seun. Jesus vra spesifiek dat Vader Sy (Jesus) se glorious greatness sal herstel. Hoekom? Sodat Hy wat Jesus is weer Vader se glorious greatness kan vertoon. Jesus wil graag God verheerlik, daarom bid Hy dit.

Ware vreugde word nie gevind in 'n lewe wat net om jou en jou plesier draai nie. Ware vreugde word gevind as jy saam met Jesus ontdek dat jou Vader in die hemel en hier by jou op aarde is by jou en Hy besit die eienskap van glorious greatness en glorious goodness. Dis wie Hy werklik is. 'n Goeie Vader, wat die mens wat Hy na God se beeld gemaak het, lief het, en wil versorg.

Jesus leer ons om meer van Vader raak te sien en Hom dan eer en lof en aanbidding te gee. Sien Vader se hand in jou lewe raak, ja in die groot goed, soos wie jy is, en wat se vermoëns jy het, alles van kom van God, tot in die kleinste dingetjies, sien Vader se hand daarin ook raak.

Jesus bid juis dat Sy glorious greatness herstel kan word, sodat Hy God kan verheerlik, maar so ook ons.

**Johannes 17:10-11**
*Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik.*

Ons wat glo in Jesus se verlossing, ons word Sy kinders en omdat ons Sy kinders word, behoort ons aan Vader.

**Jy behoort aan God**

Dink net vir 'n oomblik aan daardie gedagte. Dis vir my groot! Awesome! Ek is nie nikswerd nie. Nee, die wonderlike vir my is dat die oomblik wat ek of jy vir God sê: *"Vader,"*

plaas dit vir my en jou in ’n ander kategorie as die res van die wêreld. Die enigste, lewende, grote, Skeppergod, is jou Pa.

En hierdie verhouding wat Vader en Jesus vertoon, wil Hy ook vir jou en my hê. Toe God Jesus gestuur het, sê Hy eintlik daardeur, *“jy is vir my so belangrik, Ek wil graag jou Vader wees.”* God kon dit sekerlik anders gemaak het. Hy kon gesê het dat almal wat in Hom glo en Jesus as verlosser aanvaar het, is nou Sy slawe en word soos slawe behandel. Maar nee, hoor wat sê die Woord.

**Romeine 8:14-17a**

*Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader. 16Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. 17En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename.*

Toe Jesus hierdie gebed in Johannes 17 gebid het sou Hy dit in Sy huistaal, wat Aramees was, gebid het. En dan sou Hy elke keer, as Hy na Sy Vader verwys het, die woord “Abba” gebruik het. Dis ’n baie nabye, intieme aanspreekvorm van wie Vader regtig is. Dis “Pappa.” Mense dink dit is disrespekvol om vir Vader as “Pappa,” aan te spreek, maar dis eintlik die mees respekvolste wat jy vir God kan aanspreek, definitief meer respekvol as om sommer na Hom te verwys as die oubaas daarbo of net die Vader.

Paulus skryf hier in die brief aan die Jode in Rome dat as jy die Gees van God het, die Gees wat jy ontvang as jy weergebore word, is jy ’n kind van God. Jy is nie ’n slaaf van God nie, maar jy het vrye toegang tot by Vader en jy kan en mag tot Hom roep, “Abba” Pappa-God!

Paulus herhaal die konsep toe hy ’n brief skryf aan die Christene daar in die sentrale deel van Turkye, in Galasië.

**Galasiërs 4:3-7**

*En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls. 4Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit ’n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe 5om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word. 6En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba!” Dit*

*beteken: Vader! 7Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.*

Ek was vasgevang in wettiese godsdiens. Vir my was dit as "gelowige" belangrik om die dinge reg te doen, in plaas van om die regte dinge te doen. Maar Goddank vir Jesus, dat soos wat Paulus hier skryf, het daar 'n dag gekom, wat Jesus my kom vrymaak het van "religion" en my kom voorstel het aan 'n "relationship" met Sy Vader.

Waar staan jy ten opsigte van Vader? Ver of naby?

God is 'n totaal ander Vader as wat jy ooit kan droom of hoop of dink. Hy is ons Vader omdat Hy ons gemaak het, maar ons is ook dubbeld syne, omdat Hy ons gekoop het. Die oomblik wat ons voor Vader kom kniel en ons spreek Hom aan as "*Abba" of "Vader"* daardie oomblik bely ons dat ons glo dat Hy ons gemaak het, dat Hy as Vader van Jesus in wie ons glo, ook ons Vader geword het, wat ons volledig in Sy koninkryk toelaat en wat ons erfgename maak van Sy glorious greatness. As dit gebeur, het ek Iemand is na wie ek kan gaan wat:

- Vir my lief is
- Vir my sal sorg
- daar sal wees as ek seer kry,
- my sal troos,
- my wonde sal genees,
- nooit 'n fout sal maak,
- altyd in beheer sal wees.

Wat 'n wonderlike voorreg om so Iemand te hê, as Vader. En Hy is soos enige goeie Vader, Hy kyk nie net uit vir jou nie, Hy wil vir jou die goeie gee. Nie altyd soos jy dit vra en wil hê nie, maar soos Hy goeddink.

**Numeri 6:24-25**

*Die Here sal julle seën en julle beskerm; 25 die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; 26 die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!*

Jesus kom leer dat in Sy Naam, kan jy met vrymoedigheid het om met jou Vader praat en meer nog Hy praat met ons. Hy gee vir ons Sy Woorde! Sy riglyne om ons te help om ons beste potensiaal te ontwikkel. As ons almal maar net leef soos wat Hy wil hê, sal daar geen oorlog, moord, verkragting, skinder, jaloesie, bitterheid, woede, ens wees nie. Net liefde, geduld, vrede, vreugde, goedheid, vriendelikheid, nederigheid, ens wees. Daarom is hierdie seën regtig wat Vader vir jou wil gee.

Jy kan enige tyd, op enige manier na Vader toe gaan. Dit kan vroeg in die oggend wees, laat in die middag, deur die dag, enige tyd wanneer jy die behoefte het om met Hom te praat. Dit kan op enige manier plaasvind, jy kan op jou knieë met jou hande voor jou bors bid, jy kan op jou gesig lê, op jou voete staan, sittend, in die bed lê, terwyl jy loop, by Vader maak dit nie saak nie. En die wonder van ons Vader, Hy is nooit te besig om te luister nie. Bottom-line is wat Jesus in hierdie gebed in vers 10 vir ons wil leer, ons behoort aan Vader, ons is Syne en daarom is ons kosbaar.

Nou as Jesus in Johannes 17:11 met Vader praat stel Hy ons aan 'n ander faset van Vader voor.

**Johannes 17:11**

*Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. "Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.*

**Heilige Vader**

Hoe sal dit wees as ons God "onheilig" is? Met ander woorde net soos die res van die wêreld se afgode was. Hoe sal dit wees as jy lees in die Bybel dat God onrein goed doen en nie daaroor worrie nie? Nee as Jesus in Sy laaste oomblikke voor Sy dood bid, stel ons voor aan 'n heilige Vader.

Die woord in die Hebreeus vir heilig is ***qadosh*** en in Grieks is dit ***hagios***. As 'n mense dit met betrekking tot God vertaal beteken dit:

***pertaining to being holy in the sense of superior moral qualities and possessing certain essentially divine qualities in contrast with what is human***

Vader kan nooit vasgevang word nie. Hy is veel meer as wat jy ooit kan dink oor Hom. Selfs veel groter en beter as wat die Bybel Hom beskryf. Hy is verhewe, Hy is sondeloos. Toe Jesus die dissipels leer bid het, hoor hoe leer Hy hulle en vir ons.

**Matteus 6:9-10**

*Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; 10 laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*

"U Naam, Vader is Heilig," wanneer ons die Naam van God dra is Sy eer is op die spel, ons wat vir Hom sê Vader moet weet dat ons Sy Naam moet hoog deur ons optrede, want Hy het ten spyte van ons sonde, ons naam hoog gehou.

Maar ons is ook vir Hom heilig. Want heilig van God se kant af vir ons is beteken om een kant neergesit te word, vir Hom. Om Hom te aanbid en te loof en te prys en gehoorsaam te wees. Want, ons is Syne, ons behoort aan Hom.

**Johannes 17:20-21**

*Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom. 21 Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

Dis Jesus se spesiale gebed vir my en jou, want Hy sê ek bid vir hulle wat tot geloof sal kom. Ons, wat glo! En wat bid Hy? Dat ons in God mag wees, sodat die wêreld kan glo. Vader wil hê dat ons dit wat Hy deur Sy Gees in ons kom plant en laat groei, die beeld van God, sal vertoon, sodat die wêreld kan glo. Dis asof Vader wil hê ons moet so vol van Hom word, dat ons deur ons optrede, as te ware Sy goedheid en liefde "af show," dan sal hulle glo.

**Johannes 17:24-26**

*"Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het. 25 "Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het. 26 Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle."*

**Regverdig Vader**

Weer 'n vraag. Hoe sal dit gewees het as Vader onregverdig was? Dat Hy sekere mense voortrek. Mense sê soms dat God onregverdig is. *"Waarom het ek dit so sleg en met ander mense gaan dit net goed?"* Maar as Jesus ons aan Vader kom voorstel, kom stel Hy Hom as 'n regverdige Vader aan ons voor.

Al maak die wêreld ook wat, Vader is getrou en betroubaar. As jy dink God behandel jou onregverdig is die fout nie by God nie, maar by jou! Die Bybel is die bewys dat God regverdig en betroubaar is.

So hoe sal Vader graag my en jou se verhouding met Hom wil hê? Kom ons leer weer by Jesus se gebed.

**Ons verhouding met Vader**

- **Dra Vader se belange op jou hart**

**Johannes 17:4**

*Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.*

Vir Jesus het dit gegaan om Sy Vader se saak te bevorder, al het die beteken dat mense Hom sleg behandel het. Dit het beteken dat Sy eie bloedfamilie Hom uit geban het. Vir Jesus was dit egter baie belangriker om Sy Vader tevrede te stel as om mense tevrede te hou. Ek het al baie gesê, as ons sê ons is kinders van God, en God is ons Vader, dan is deel van God se Familiebesigheid. En die doel van Sy besigheid is om mense te kom oortuig van God se liefde vir die wêreld en vir hulle.

- **Een met Vader en Jesus**

**Johannes 17:21**

*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

Amazing gedagte dan Vader ons toelaat om in Hom te wees. Mense sê soms *"hulle voel uit."* Dan bedoel hulle dat ander mense stoot hulle uit, maar nie Vader nie. Jesus bid juis dat ons wat glo, sal kan sê ons is "in." Ons raak deel van die familie van God. Ons laat God toe om ons denke te verander, sodat ons dink soos Hy dink. Hoekom? Weereens, sodat die wêreld kan glo.

Die wêreld is moeg vir "fake" Christene. Ek het die week 'n gesprek met iemand gehad wat gesê het dat hy nie "religious" is nie, maar glo daar is iets groters. Hy sê dat hy kan nie in die God van die Bybel glo nie, want God is wreed en kwaai. Ons taak is om Vader se liefde te wys. Jy moet wys dat jy aan behoort en in Hom is en in eenheid met Hom wil leef.

- **Gehoorsaam**

**Johannes 17:18-19**
*Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur; 19en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees."*

Jesus is 'n gehoorsame gestuurde. Hy het kom doen wat Vader vir Hom gevra het om te doen. Hy is na die wêreld gestuur om die goeie nuus te bring dat Vader die verhouding tussen mense en Hom kom herstel het en dat Hy die mag wat Satan deur die sonde verkry het, kom terug vat. Een van Jesus se ander take was om mense te kom toerus om die taak verder te vat, en dit sê Hy in Sy gebed het Hy kom doen.

Ek en jy is soos ek nou net gesê het deel van hierdie familiebesigheid. Jy werk op 'n plek, bly op 'n plek, "shop" op 'n plek, wees daar gereed om jou Vader se glorious greatness te vertoon. Wees gehoorsaam aan Sy Woord en Sy opdragte.

- **Ken God**

**Johannes 17:25**
*Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het.*

Die rede hoekom Jesus so gemaklik en tog intiem met Sy Vader kan praat, was omdat Hy God geken het. Die Griekse woord wat hier gebruik word dui op intimiteit, Jesus het nie net geweet van Vader nie, Hy het om intiem geken, so intiem dat Hy geweet het wat Vader se

wil vir Hom was. Ek sê dit so baie, moenie net weet van God en oor God praat oor wat jy baie ander gehoor het nie. Maak moeite om jou Vader intiem te leer ken.

- **Hê God lief**

**Johannes 17:26**

*Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle.*

Jesus is nie bang om Sy liefde en God se liefde te vertoon of om daaroor te praat nie. Die verhouding tussen Vader en Jesus was die van 'n liefdesverhouding. Alhoewel Hy hom geken het, was dit nie op vriendskapsbasis nie, maar dit was 'n liefdesverhouding. Daarom leer Jesus ons om Vader lief te hê met hart en siel en verstand, dis die mees belangrikste van alles, want Hy het ons eerste liefgehad. Liefgehad tot die dood!

Daar is 'n laaste gedagte wat ek sommer so tussen die lyne deur lees.

**Jesus wou graag na Sy Vader toe gegaan het**

**Johannes 17:11a**

*Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe.*

Jesus weet dat by Sy Vader is dit soveel beter, daarom gaan Hy terug, terug na Sy Vader toe, daar waar dit die beste is. Dis daar waar baie van ons pappas vandag ook is, saam met Jesus by ons Vader, in Sy glorious greatness. Dit behoort ook ons grootste begeerte te wees. God het ons vir Homself gemaak en ons kan nooit ten volle tevrede wees totdat ons eendag volledige, totale intieme gemeenskap en liefde by Hom kan geniet nie.

Dit sal regtig 'n ewigheid neem om God werklik heeltemal te ken omdat Hy oneindig is – daar is geen einde aan die kennis van God nie. Ons moet nie aan die ewige lewe dink bloot as 'n eindelose bestaan nie. Almal sal vir ewig iewers bestaan, maar die vraag is by wie?

As jy nog nooit jou lewe oorgegee het nie, dan mis jy nou alreeds uit op die wonderlike vrede om God as Vader te leer ken en lief kry, maar jy mis ook uit op jou ewige bestaan by God. 'n Bestaan sonder God is aaklig en hooploos.

Mag God jou op hierdie Vadersdag seën met die wete dat ons 'n liefdevolle Vader het wie net die beste vir ons wil hê, een wat goed en liefdevol is. En Jesus wil ons graag deur die Woord nog meer leer van ons wonderlike Vader. Nooit ooit hoef jy vaderloos te voel nie, want jy het 'n Vader in die hemel.